die grond was daar 'n sak. Van der Westhuizen het van daar geloop en na 'n ander DLB gesoek. Hy self het weg daarvan geloop, gevolg deur Van der Westhuizen en Lesatsi. Nadat hy ongeveer 10 treë geloop het, het Van der Westhuizen vir hom vertel hy moet ophou loop in daardie rigting, hy moet die ander rigting kies, wat hy toe gedoen het. Hy het aangehou loop sonder om sy treë te tel, by 'n plek gekom waar die gras getoon het dat iets daar begrawe was. Van der Westhuizen het vir hom gesê om met sy vinger daarheen te wys en hy is gefotografeer. Hy het geen kennis gedra van die plek of die Springs DLB nie en weet van geen opslagplek vir wapens of waar wapens gehou is te Springs nie.

Hy het getuig dat hy besef het dat die wapens wat hy gebruik het en waarin hy opleiding ontvang het, naamlik die handgranate, AK-47, plofstowwe en Makarov-pistole gevaarlike wapens is wat die dood van 'n persoon kan teweegbring. Hy het toegegee dat alle mense wat in die ANC opgelei is, geleer is om onder sekere omstandighede te skiet maar dit word beperk tot gevalle waar sy lewe daarvan afhang. Hy was verbaas om te hoor dat Zulu gesê het dat hy (Zulu) het 'n opdrag gehad om 'n Regter van die Hooggeregshof te dood en kon geen rede gee waarom die ANC so 'n opdrag sou gee nie. Dieselfde geld vir die doodmaak van kabinetslede.

Hy het gehoor van die dood van Leonard Nkosi, naamlik dat hy opleiding ondergaan het en 'n lid van die ANC was wat later 'n polisieman geword het en wat getuienis in verskeie sake gegee het. Die ANC het hom beskou as 'n lid van die ANC en tog gee hy getuienis teen die ANC en, sê hy, dit mag miskien die rede wees waarom hy geskiet is.

Hy het toegegee dat dit vreemd was dat die ANC

verantwoordelikheid aanvaar het vir die aanval op die Orlando polisiestasie.

Toe dit aan hom gestel was dat hy met wapens teen die Regering sou veg, het hy gesê ja, dit kan so wees. Toe hy gevra was om hieroor uit te brei, het hy getuig dat daar twee fases was, die eerste waarin pamflette versprei sou word, en ten tweede, die wapenstryd waar daar tot aksie oorgegaan word.

Die wapens wat gekry was by die DLB sou gebruik word vir die aanval op die Waltloo petrolopslagplekke.

Hy het toegegee dat as 'n lid van die ANC was hy opgelei om te veg; dat die ANC beoog het om die Regering met geweld tot 'n val te bring en 'n vraag in die verband, naamlik hoe sou hy met 'n AK-47, 'n Makarov-pistool, die Waltloo tenks aanval, het hy getuig dat daardie wapens nie daarvoor bestem was nie, maar dat hulle alleen 'n RPG-7 of plofstof sou gebruik. Die ander wapens was om homself mee te verdedig.

Die beskuldigde se getuienis in verband met Boons en die verskuiwing, lyk vir my, na aanleiding van verdere vrae aan hom gestel en uit sy getuienis-in-hoof, dat hy tot 'n groot mate steun vir wat hy sê, op wat hy gehoor het. Hy is gesê deur sy oupa wat die rede vir die verskuiwing is. Die kaart wat hy na verwys het, het hy self nooit gesien nie.

Dit is ook duidelik dat beskuldigde nr. 4 wel bewus was van al die wapens wat in daardie trommel was te Ga-Rankuwa, Foto's 1 tot 4, <u>BEWYSSTUK AC</u>, en dat hy ook geweet het dat die RPG-7 daar was.

Dit, in hooftrekke, was die getuienis vir beskuldigde nr. 4.

HOF VERDAAG

K174 HOF HERVAT OP 1980.11.20

BESKULDIGDE NR. 5 het getuig dat hy 24 jaar oud is, gebore te Pimville op 12 September 1956 en tot in 1976 te Soweto by sy ouers gebly het. Sy vader is dood in 1977. Hy was 'n voertuigbestuurder gewees. Hy was op Naledi Hoërskool. Hy was in St. 8, maar het die skool verlaat om geld te verdien om met die huishouding te help. Hy het vrugte op treine in die Witwatersrand-area verkoop. Hy was begerig om matriek te slaag en 'n werktuigkundige van beroep te word. Voor 1976 het hy geen politieke ambisies gehad nie en hy het ook nie belang in politiek gestel nie. Ook het hy aan geen politieke studente-organisasie behoort nie. Hy het eintlik geen probleem gehad in verband met die skoolonderrig in Afrikaans nie, want sy onderrig het geskied by wyse van die Engelse taal. Hy het op 16 Junie 1976 begin om saam met die studente te demonstreer. Die aanleidende oorsaak daarvoor was dat 'n vriendin van hom geskiet is. Dit het gebeur op 17 Junie 1976, by Naledi spoorwegstasie. Die polisie het in die lug met hulle gewere geskiet om die skare van jong kinders daar in bedwang te probeer hou. Daar het mense uitgekom en toe is daar weer geskiet en toe hy weer sien, lê die vriendin van hom in die straat dood. Op daardie selfde dag was hy in 'n ongeluk betrokke met 'n motorkar, die voertuig het, nadat dit hom raakgery het, nie gestop nie. Hy is hospitaal toe waar sy been in gips geplaas is. Die gips is eers op 16 September van daardie jaar verwyder. Hy sê hy het toe besluit om Suid-Afrika te verlaat omrede die probleme in die Swartwoongebiede. Daar was polisie dag en nag op straat in die Swartgebiede en, wanneer die polisie mense gesien

het/...

het wat bymekaar kom, was hulle geskiet. 'n Mens kon nie na die stad toe kom nie, weens die aard van die oproere in die Swartgebiede. Hy sê hy het gesien van die koerante dat baie mense, veral Swartes, besig was om die Republiek te verlaat. Gevolglik verlaat hy op 10 November 1976 die Republiek met die vooropgestelde idee om militêre opleiding te ondergaan in die buiteland. Hy was begerig om 'n vuurwapen te bekom, dit te kan gebruik indien die polisie weer na hulle skiet. Hy het geen van die beskuldigdes geken op daardie stadium nie.

Toe hy in Botswana kom, het hy hom gehaas na die polisie, hy is plek gegee om te slaap te Lobatsi, waar hy drie dae gebly het en op die derde dag het persone van die ANC hom kom spreek. Daarna is hulle na Gaberone toe. Op daardie plek het sy onderrig in die ANC begin. Hy was verbaas om te sien dat die ANC se beginsels nie dieselfde as sy idee was nie, naamlik die verkryging van 'n vuurwapen om die polisie te skiet nie. Hulle het vir hom gesê hulle simpatiseer met hom, maar hy moet vergeet van sy idee om wraak te neem. Later, as gevolg van die wyse waarop hulle hom onderrig het, het hy die idee van wraak uit sy kop uitgesit. Hy het onderrig ontvang in Angola en Tanzanië van politieke aard en ook op militêre gebied het hy toe kennis gemaak met die Freedom Charter.

Hy het beklemtoon dat die ANC daarop uit was om die ondersteuning van beide Wit en Swart in Suid-Afrika te verkry. Gevolglik moes hulle nie blindelings die massas doodmaak nie, maar net sekere uitgesoekte teikens aanval. Daardie teikens sou deur die hoofde van die ANC in Zambië aan hulle verduidelik word en deur daardie organisasie uitgekies word.

Na/...

Na sy opleiding is hy saam met 'n groep mense na Mosambiek in September 1979. Hy het op daardie stadium alreeds kennis gemaak met die drie terroriste, Zindile, Humphrey en Wilfred wat in die Volkskas-beleg doodgeskiet is. Hy het nie saam met hulle na Angola gekom nie, maar het hulle daar ontmoet. Hy het op daardie stadium nog nie vir beskuldigde nr. 4 ontmoet nie. Die drie terroriste was geen besondere vriende van hom nie. In Oktober 1979 kry hy sy eerste opdrag om na Suid-Afrika te kom om 'n basis te stig in die omgewing van Springs en 'n sekere Hintsa daar te ontmoet. Hy en Zindile het na Suid-Afrika gekom. Hulle kon nie vir Hintsa kry nie. Die basis wat Hintsa begin voorberei het, het hulle gevind en, sê hy, dit is die basis wat daar na verwys is in BEWYSSTUK AG wat hy, na bewering, uitgewys het aan die polisie. Dit kom voor op foto 9, BEWYSSTUK AG. Hy het verder getuig dat foto 8, die tonnel by Mamelodi, niks te make gehad het met hierdie opdrag van hom nie. Omdat hulle nie vir Hintsa kon gekry het nie, is hulle terug na Mosambiek. Intussen het hy vir beskuldigde nr. 4 leer ken en het hy, beskuldigde nr. 4 en Zindile op 9 Desember 1979 weer teruggekeer na die Republiek met die doel om die plek te verken in die omgewing van die petrolopslagplekke te Waltloo wat hulle van voorneme was om met RPG-7 en/of plofstowwe aan te val. Hulle opdrag was dat hulle sou wag vir twee ander persone om by hulle aan te sluit en dan sou hulle op 'n geskikte oomblik, die plek aanval. Hy, beskuldigde nr. 4 en Zindile het na die DLB gegaan (Foto's 1 en 2, BEWYSSTUK AG), AK-47 gewere geneem, teruggekeer na hulle basis en van daar af het hulle gegaan om die omgewing by die petrolopslagplekke te Waltloo te verken. Voordat hulle enigiets

werklik/...

werklik kon doen, het beskuldigde nr. 4 verdwyn. Dit was in die omgewing van 18 Desember en vanaf daardie stadium het hy nie weer vir beskuldigde nr. 4 gesien nie, totdat hulle, nadat hy gearresteer is, by die Landdroshof bymekaar gekom het nie. Op die stadium wat beskuldigde nr. 4 verdwyn het, het die twee ander persone wat hom behulpsaam sou wees met die aanval op die petrolopslagplekke nog nie opgedaag nie. Na beskuldigde nr. 4 verdwyn het, het hy (beskuldigde nr. 5) siek geword.

Dit blyk dat intussentyd het hy die twee terroriste ontmoet, want hy gaan dan voort met sy getuienis dat Matue, een van die terroriste, saam met hom gegaan het om die petrolopslagplekke by Waltloo te verken. Hy kon nie eintlik iets doen verder nie, sê hy, want hy was siek. Die basis te Ga-Rankuwa het hy toe verlaat, hospitaal toe gegaan waar hy op 24 en 27 Desember 1979 en 4 Januarie 1980 siek was en die hospitaal besoek het. Hy het aan malaria gely. Die hospitaalkaart wat na verwys is en wat in die rooi sak gevind is, het hy herken as sy eie en dat hy dit gebruik het toe hy die hospitaal besoek het. Nadat hy siek geword het, dit wil sê na 4 Januarie, het hy nie weer vir die drie terroriste, dit wil sê Zindile, Wilfred en Humphrey gesien nie. Op 'n stadium was hy gearresteer te Pretoria, soos wat die polisie getuig het, terwyl hy gepoog het om 'n motorkar te steel. Die doel was om vervoer te kry na Swaziland, want hy het gesien dat hy nie van sy kwaal herstel nie en hy wou daar na die hospitaal gaan.

Hy het geen idee gehad dat die bank aangeval sal word te Silverton nie en indien dit bespreek sou word, sou hy nie daarmee saamgestem het nie. Hy het erken dat hy die bank te Silverton uitgewys het, soos aangetoon word op

BEWYSSTUK AG, foto 2, toe mnr. Van der Westhuizen by was. Hy het gesê dat Van der Westhuizen hom aangerand het van tyd tot tyd. Hy het nie die bank uitgewys uit eie wil nie, maar was daartoe gedwing en dit het soos volg geskied:

Van der Westhuizen het hom verskeie vrae gevra by Compolgebou. Uiteindelik is die vraag aan hom gestel of hy die Volkskas Bank te Silverton ken, waarop hy geantwoord het, "Ja." Hy is toe vervoer na Volkskas te Silverton en daar het Van der Westhuizen vir hom gevra, nadat hy hom uit die kar uitgehaal het, om na die bank te wys. Dit het hy gedoen en op daardie stadium is 'n foto geneem soos op BEWYSSTUK AG, foto's 1 en 2, verskyn.

Hy het verder getuig dat indien hy nie gearresteer was nie, sou hy nie met die ander drie terroriste saamgestem het om die Volkskas Bank aan te val nie en sou hy dit ook nie gedoen het al het Oliver Tambo vir hom gesê om dit te doen nie.

Hoewel beskuldigde nr. 4 'n leier was, was sy opdrag om vrede te bewaar in die groep en indien hy dit nie kon doen nie, moes hy na sy hoofde verwys het. Toe beskuldigde nr. 4 verdwyn het, het hulle geen leier gehad nie. Hy het getuig dat nadat hy gearresteer is, hy nog vir malaria behandel is.

In kruisondervraging kon hy nie verduidelik het waarom die polisie in die lug sou skiet toe daar betogings by die winkel was nie. Hy was van mening dat hulle miskien gespeel het. Hy het verdere getuienis gegee in verband met die aanval van die polisie op onskuldige persone en sy antwoorde het vir my die indruk gegee dat hy geen rede kon gee vir die polisie se optrede deur 'n meisiekind te skiet in die straat sonder enige rede nie. Wat ter sake

is, is dat hy daarby gestaan het dat die polisie net geskiet het sonder enige rede. Hoewel hy hiervan bewus was, het hy geen verklaring afgelê by die polisiestasie nie. Daar is verskeie van sy getuienis in verband met die skietery en die optrede van die polisie wat vir my nie bevredigend is nie. Ek sal, indien nodig, later daarna verwys in detail.

Hy het verder getuig dat die wapens wat in die DLB was, deur hulle verwyder is nadat beskuldigde nr. 4 weg is, omdat hulle bang was dat beskuldigde nr. 4 moontlik informasie aan die polisie sou gee en dat die wapens dan ontdek sou word. Al hierdie wapens is geneem na basis nr. 2. Hy self het nie kennis gedra van basis nr. 3 nie met betrekking tot hoe dit daar uitsien nie, want hy was self nie daar nie, hoewel hy weet dat daar 'n derde basis was. Hy sou nie daardie grot kon uitwys het indien hy daartoe gevra was deur die polisie nie. Zindile het egter geweet waar basis 3 geleë was. Die AK-47 geweer van beskuldigde nr. 4 was in basis 2 en het daar gebly nadat beskuldigde nr. 4 verdwyn het.

Hy het erken dat hy in 1978 opleiding in Oos-Duitsland ontvang het in die gebruik van wapens en dat hy weet hoe om 'n AK-47 geweer te hanteer. Ook hoe om handgranate te hanteer asook 'n RPG-7 missiel. Hy ken die verskil verduidelik tussen 'n offensiewe en 'n defensiewe handgranaat en dit was duidelik uit sy getuienis dat hierdie RPG-7 missiel waarna daar reeds verwys is, gebruik sou word by Waltloo, maar hy het ook gesê dat indien dit nie prakties was nie, sou hulle daardie opgaartenks met plofstof verwoes. Hy het, onder andere, gesê dat indien 'n gebou aangeval word, dit wil sê indien dit nou 'n teikengebou is en dit aangeval moet

word, sal hy persoonlik in die gebou ingaan, 'n handgranaat daar gooi en begin skiet. Die idee was dat die handgranaat die gebou sou beskadig, asook die plafon en verwarring daar skep. Lêers sal dan verbrand word. Toe hy gevra is, waarom dan nie plofstof daar stel nie, het hy getuig dat hy dan nie sal weet of daar mense in die gebou is wat beseer sal word nie. Hy het egter toegegee dat al hierdie idees van hom vir die vernietiging van 'n gebou, die dood van 'n persoon kon veroorsaak en dit het hy geweet, maar, sê hy, hy sou tog die gebou alleen aanval, wanneer hy seker is dat daar nie mense in die gebou is nie.

Hy was goed bewus daarvan dat die wapens wat hy in sy besit gehad het, gevaarlik is en die dood maklik kon veroorsaak, maar hy sê dat in al die gevalle hy opdrag gegee is om daardie wapens so te gebruik dat mense nie beseer sou word nie en hy sou homself nie verdedig het met die wapens nie. Sou hy deur die polisie in 'n hoek gedrywe word, sou hy die wapen laat val en sy hande in die lug steek.

Zindile was by toe hy die eerste opdrag in Oktober 1979 ontvang het. 'n Sekere Gabuza het hulle die opdrag gegee.

Hy het ook gewag gemaak dat hy nie gesien het dat daar tekens was dat mense by "half-way" basis gebly het nie. Wat basis 2 betref, het hy nie gesien dat mense daar gebly het voor die tyd nie, hoewel dit reeds ingerig was. Die rede waarom hulle wapens van die DLB geneem het en dit in die basis versteek het, was om vir selfverdediging te gebruik indien hulle aangeval word.

Hy het toe uitgewei oor hoe hy die twee persone wat later identifiseer is as Wilfred en Humphrey, ontmoet het. Hy is gesê om na die winkels te Ga-Rankuwa te gaan

en daar sal hy twee persone sien wat hy al vantevore ontmoet het. Hy en Zindile is daarheen en hoewel daar geen wagwoord was nie, het hy dadelik vir John en Matue, die twee persone na wie ek verwys het, ontmoet. John en Matue het ook geweet dat hulle die petrolopgaartenks by Waltloo sou vernietig. Onder andere het hy getuig dat hulle hierdie RPG-7 lanseerder en projektiel verwyder het uit die DLB asook die ammunisie en die plofstof. Toe hy gevra was waarom hulle die plek weer verken het nadat beskuldigde nr. 4 vertrek het, het hy gesê dat hy die plek vir Matue wou gewys het en op daardie stadium was hy nog van mening dat beskuldigde nr. 4 moontlik sou terugkom. Daar was egter geen verdere bespreking vir die aanval van hierdie teikens nie, hoewel hulle die teikens bespied het.

Hy is toe gevra in verband met sy inhegtenisname en het hy toe getuig dat Matue saam met hom was toe hy gepoog het om die motorkar te steel, toe hy in hegtenis geneem is en dat Matue weggekom het. Toe hy gevra is oor sy vorige getuienis, naamlik dat hy, nadat hy siek geword het, die persone nie weer gesien het nie, het dit hom bygeval dat hulle tog afgespreek het om mekaar weer op 12 Januarie te ontmoet te Ga-Rankuwa en dat hulle daar besluit het om terug te gaan na Swaziland en dit was.ten gevolgde daarvan dat Matue hom behulpsaam was in sy poging om die motor te steel.

Hy het erken dat die plekke wat hy uitgewys het te Silverton aan die polisie inderdaad so geskied het en die indruk wat ek van sy getuienis kry, is dat die uitwysing van plekke waar hy gebly het in die omgewing van Silverton inderdaad vrywillig was en dat hy dit nie onder dwang gedoen het nie.

Hy/...

Hy het getuig dat hy en die drie terroriste na die verdwyning van beskuldigde nr. 4 wou teruggaan na Swaziland sonder dat hulle enige poging sou aangewend het om die opgaartenks te beskadig, en die rede waarom Zindile en die ander twee terroriste nie na Swaziland gegaan het nie, kon hy nie verstrek nie.

Sy getuienis met betrekking tot die uitwys van die wapens in die skeur, pas nie in by sy getuienis dat toe hy van die basis weg is, die wapens nie in die skeur was nie, maar dat dit versteek was in die bosse in die omgewing van daardie basis 2. Hy kon nie verduidelik waarom hy dan, indien sy getuienis reg was, nie eers na die wapens in die omgewing van die basis gesoek het nie, maar direk gegaan het na die klipskeur. Dit kom my voor asof dit 'n nagedagte van die beskuldigde was.

Dit het die getuienis van beskuldigde nr. 5 voltooi.

<u>BESKULDIGDE NR. 6</u> het getuig dat hy 24 jaar oud is, te Kwa-Mashu in die omgewing van Durban met sy ouers gebly het en dat hy in die jaar 1976 in Vorm 3 was. Hy het eksamen geskryf, maar die land verlaat voordat die resultate bekend was. Tot op daardie stadium was hy glad nie bemoeid met politiek nie en ook nie daarin belang gestel nie. Die rede waarom hy die land verlaat het, was dat sy ouers dit moeilik gevind het om hom te onderhou op skool en dat hy toe besluit het om oorsee te gaan. Daar was in Junie 1976 die probleme met die studente. Hierdie onrus het hy eintlik net van gehoor, naamlik dat die skoliere besig was om te demonstreer teen die gebruik van Afrikaans as voertaal op skool. Hy het ook gehoor dat persone deur die polisie geskiet word. Kinders in sy area by Ohlange Hoërskool is gearresteer terwyl hulle

vreedsaam gedemonstreer het. Dit het hom verskriklik kwaad gemaak, waarop hy besluit het dat as hulle so behandel word, dan sal hy weggaan om wapens te verkry. Hy het gehoop om mense te kry wat sy eie sienswyse gehuldig het en dat hy dan saam met hulle onderrig sou ontvang in die gebruik van wapens, en dat hulle dan sou terugkom as 'n leër. Voor dit sal hulle darem vir die Regering sê om hulle goed te bewapen, aangesien hulle in aantog was. Hy wou graag die soldate wat die land verdedig, van aangesig tot aangesig ontmoet. Hy het gelees van 'n saak in Pietermaritzburg en hoe mense die land verlaat, dit met sy vriende bespreek en op 8 Februarie 1977 verlaat hy en ses van sy vriende die land deur Swaziland. Hy het tot op daardie stadium nie eintlik belang gestel in die beginsels van die ANC of die ANC as organisasie nie.

In Swaziland het hulle besluit om aan te sluit by die ANC ten gevolge waarvan hy na Angola is vir militêre opleiding. Hy het daar dieselfde onderrig ontvang as die ander beskuldigdes. Wat hom betref, wou hy net 'n geweer bekom. Hy is deur die ANC geleer dat hulle nie saamstem met die beginsels van die Suid-Afrikaanse Regering nie; dat hulle egter nie veg teen die Witmense nie, maar dat hulle met die sisteem van apartheid wou wegdoen. Dit sou hulle bewerkstellig deur Staatsinstellings aan te val en ook geboue wat simbole was van die apartheidsbeleid en veral daardie geboue wat die apartheidsbeleid uitvoer. Hulle kon nie die geboue uitkies nie en moes alleen daardie geboue aanval wat deur hulle leiers oorsee uitgekies is. Hy is spesifiek opdrag gegee dat 'n geweer alleen gebruik word wanneer die situasie so is dat hy alleen deur gebruik van die geweer kan ontsnap, maar indien daar lede

van die publiek in die omgewing is, moet hy liewer oorgee as om hulle lewe in gevaar te stel. Hy sou egter enige van die polisie wat hom wou probeer arresteer dood om te ontsnap.

Vanaf Junie 1979 tot Oktober 1979 vertoef hy in die deurgangskamp te Matola, waar hy opdrag deur die kommandeur gegee word om na Natal te gaan en daar twee pistole en twee houers te verberg naby Durban. Hy het nie geweet wat hierdie wapens voor gebruik sou word nie. Hy tesame met 'n persoon by name Freedom het op 5 Oktober 1979 na Suid-Afrika gekom, daardie goedere in die omgewing van Natal verberg en toe is hy terug na Mosambiek via Swaziland. 'n Tweede opdrag kry hy kort hierna om met Freedom na Suid-Afrika te gaan, maar, sê hy, Freedom het siek geword en gevolglik het hy na Suid-Afrika gekom met beskuldigde nr. 7. Die instruksies wat hy gekry het van ene Oscar, ook 'n "commander", was dat hulle 'n sekere persoon op 31 Januarie in die omgewing van die Nandla Seminaar Skool moes ontmoet. Daardie persoon sou al die informasie hê oor wat hulle sou moes doen. Hy is gesê dat die persoon sal hy gou herken aangesien hy die persoon al vantevore ontmoet het.

Hy het in die land ingekom op 23 Januarie en het op 25 Januarie in die omgewing van Durban homself bevind. Hy en beskuldigde nr. 7 is toe na Emalangeni waar hy vantevore die wapens verberg het. Hy het vir beskuldigde nr. 7 die betrokke plek gewys en ook op instruksies van Oscar vir beskuldigde nr. 7 bekend gestel met die omgewing van Durban. Op 25 Januarie slaap hulle in die veld. Op 26 Januarie slaap elk van hulle op verskillende plekke in Lamontville en vanaf daardie datum totdat hulle die persoon op 31 Januarie ontmoet het, het hulle in die veld

gebly/...

gebly. Toe hy op 23 Januarie die land ingekom het, het hy geen wapens besit nie en op 31 Januarie gaan hy na die betrokke plek om die persoon wat hy toe nog nie geken het nie, te ontmoet en tot sy verbasing, wys Zulu hom uit aan die polisie. Hy was nie verbaas om Zulu te sien nie, want dit was ingevolge sy instruksies. Zulu het geen tyd gehad om vir hom sy instruksies te gee nie omdat die polisie hom onmiddellik en vir beskuldigde nr. 7 arresteer het.

Hy het erken dat hy op 26 Januarie 1980 in die dag na die Khambules gegaan het op soek na Bernard. Die rede daarvoor was dat hy slaapplek vir hom en beskuldigde nr. 7 wou kry. Hy het erken dat hy met mev. Khambule gepraat het. Voor die tyd het hy haar nie eintlik geken of met haar gepraat nie, maar net gegroet. Wat Jeffrey Khambule betref, het daar geen spesiale verhouding tussen hom en Jeffrey bestaan nie, want Jeffrey was maar die jonger broer van sy vriend Bernard. Hy het verder getuig dat hy geen politiek met òf mev. Khambule òf Jeffrey òf Edward op 26 Januarie bespreek het nie. Hy het ontken dat hy vir mev. Khambule gesê het dat hy opleiding in Angola ontvang het en ontken dat hy aan haar gesê het dat hy teruggekeer het om poskantore, banke en ander plekke wat aan die Witmense behoort, aan te val. Hy het absoluut niks met haar bespreek nie. Al wat hy gesê het, is dat hy in die tussentyd, vandat hy daar weg is, in 'n skool in Swaziland skoolgegaan het en veral het hy beklemtoon dat hy haar glad nie ingelig het met betrekking tot die opdrag wat hy ontvang het om in hierdie land uit te voer nie.

Wat 27 Januarie betref, ontken hy dat hy enige bespreking met Jeffrey Khambule gehad het in verband met sy onderrig of aan hom erken het dat hy militêre opleiding

ontvang/...

ontvang het in Rusland en Angola.

Hy self was nog nooit in Rusland of Angola nie. Hy het verder die gesprek tussen hom en Jeffrey aangaande een of ander masjien of werktuig, soos wat Jeffrey van gepraat het, ontken. Hy weet dat Jeffrey vir hom vertel het dat almal geweet het dat hy die land verlaat het vir militêre opleiding, waarop hy aan Jeffrey gesê het dat dit nie waar is nie en dat hy dit nie moet herhaal nie. Al wat hy erken het, is dat hy 'n skool in Swaziland bygewoon het en dat hy van die polisie gevlug het. Hy het ontken dat hy aan Jeffrey gesê het dat hy hier gekom het om plekke in die lug te skiet.

Hy het erken dat hy vir Edward gesê het om na hom te
K175 verwys as Wuzi Mthembo omdat hy sy identiteit geheim wou hou. Hy het aan Edward erken dat hy onderrig of opleiding ontvang het, maar glad nie verwys na Rusland of Rhodesië nie of dat hy gesê het dat hy na Rusland of Rhodesië gegaan het nie. Hy het ook glad nie probeer om Edward oor te haal om by die ANC aan te sluit of vir militêre opleiding te gaan nie. Hy ontken dat hy met Edward oor kommunisme of imperialisme 'n gesprek gevoer het. Hy het wel met Edward oor sekere organisasies, naamlik die ANC, 'n gesprek gevoer, naamlik hoe die ANC gestig is, die geskiedenis daarvan en die doelstellings. Verder ontken hy dat hy ooit vir Edward gesê het dat hy onder andere in die land was om mense te werf vir die ANC of om vir militêre opleiding oorsee te gaan. Hy sou nie enige van opdragte of militêre opleiding met enige van daardie Khambules bespreek het nie, aangesien dit sy sake was en niks met hulle te doen gehad het nie.

HOF VERDAAG VIR TEE

HOF HERVAT:

Hy het erken dat hy die Port Natal Administrasie-gebou aan die polisie uitgewys het. Dit het gebeur onder die volgende omstandighede, naamlik, dat hulle vir hom gevra het of hy weet waar daardie geboue is, hy het gesê ja en toe het hulle vir hom gevra om daardie geboue uit te wys.

Ek wil net hier die volgende kommentaar lewer. Hierdie is nie gestel aan die luitenant wat getuienis afgelê het en na wie se getuienis ek gister verwys het nie en 'n ander faktor is dat die luitenant glad nie daaroor gekruisondervra is nie. Trouens, die indruk wat 'n mens kry is die teenoorgestelde, maar dit daar gelaat op hierdie stadium.

Toe hy gevra was hoe hy weet waar hierdie betrokke gebou is, het hy gesê hy ken dit, hy het reeds 'n ruk in die betrokke gebied gebly.

Hy het erken dat hy in BEWYSSTUK AM, die foto's 16 en 19, 34 tot 38, die punte soos deur die Staat beweer, uitgewys het en dat dit vrywilliglik was en het toe verder in detail gesê waar hy op foto 35 die busstop, 36 die skool en 37 het hy gesê by daardie plek het hy en Freedom gerus toe hulle die land ingekom het. Hy het niks geweet van die beleg van die Volkskas Bank nie en het verder nooit aan mev. Khambule genoem dat poskantore en banke aangeval moet word. Hy was ook glad nie bewus van die opdrag om die polisiestasie te Soekmekaar aan te val nie. Hy kon nie verduidelik sy antwoord dat Edward belanggestel het in die lewe in Rusland nie, behalwe om te sê dat hy het aan Edward gesê dat hy opleiding in die buiteland ondergaan het en Edward het belanggestel in die Sowjet, soos hy dit gestel het, en dit is as gevolg daarvan wat Edward vir vir hom gevra het of hy iets van Rusland weet. Hy self het nooit die Sowjet Unie genoem nie.

Hy/...

Hy het die getuienis van Zulu, naamlik dat hy en Freedom die Port Natal Administrasieraad-geboue moes opblaas, ontken. Hy kon egter nie verduidelik hoe dit sou gekom het dat die indruk wat geskep word in die kruisondervraging, dat Zulu se getuienis korrek was op hierdie aspek nie. Hy het ook die getuienis van Zulu dat hulle op 'n vroeëre stadium gepoog het om die Bantoesake-Administrasieraad-gebou in Natal aan te val, maar dat hulle moes omdraai omdat hy herken is, ontken, en gesê dat hy glad nie bewus was van enige aanval op daardie kantore nie.

Hy het ook ontken dat hy vir beskuldigde nr. 7 daardie kantore uitgewys het. Hy het verder erken dat hulle die vuurwapens waarna Zulu verwys het, in dromme in die Republiek ingebring het, terwyl hulle vermom was as lede van die Zionistiese Kerk.

Hy kon nie verduidelik waarom beskuldigde nr. 7 in sy verklaring verwys het na 'n opdrag wat hy sou gehad het om uit die plek Muhle wat die Bantoesake Administrasieraad se bynaam is, in die lug te skiet nie. Volgens hom het die polisie vir beskuldigde nr. 7 voorgesê om daardie getuienis of daardie stelling te maak.

Hy het verder erken dat hy vir beskuldigde nr. 7 die plofstof gewys het, waar dit begrawe was, sodat hy sou weet waar dit is, indien hy dit sou benodig. Hy het verder toegegee dat dit 'n beginsel is dat een groep terroriste nie van die identiteit van ander mag bewus wees nie, of ook nie wat hulle sendings behels het nie en dat hy nie sou weet wat 'n ander groep doen nie, totdat dit afgehandel is.

In herondervraging het hy dit weer beklemtoon dat vuurwapens alleen in selfverdediging gebruik sou word en dat die verskillende opdragte van die verskillende groepe in

ooreenstemming/...

ooreenstemming met die beleid van die ANC uitgevoer sou word, welke opdragte aan hulle deur hul leiers oorsee gegee sou word.

Dit, in hooftrekke, was die getuienis vir die verdediging.

Beskuldigdes nrs. 7, 8 en 9 het nie getuienis afgelê nie.

Die vraag waarna ek nou oorgaan is om sekere gedeeltes van die getuienis vir die Staat wat in gedrang geplaas is deur die verdediging na te gaan om uitsluitsel daaroor te gee.

Wat ek hierso nou gaan sê, het te doen met beskuldigdes nrs. 1, 2 en 3 en het verder te doene met paragrawe 5 en 6 van Aanhangsels A, B en C wat dieselfde feite daarstel met betrekking tot beskuldigdes nrs. 1, 2 en 3.

Die eerste aspek wat die verdediging betoog het wat nie deur die Staat bewys is nie, is die aanval van die beskuldigdes op die getuie Montle en die roof van sy bakkie. Dit is aangevoer dat die beskuldigdes die bakkie van Montle geneem het; dat die getuienis aantoon dat hulle nie alleen vir hom gesê het hulle sal die bakkie weer terugbring nie, maar dat hulle ook gesê het hulle sal hom daarvoor betaal. Die argument was verder dat hulle derhalwe nie skuldig is aan die misdaad van roof nie, want die belangrikste aspek wat roof betref is dat daar 'n ontneming moet wees van 'n persoon se goedere met die doel om dit buite sy beheer te plaas vir goed. Dat op die getuienis, as geheel geneem, daardie afleiding nie gemaak kan word nie. Veral is daar sterk op gesteun dat Montle self erken dat hulle vir hom gesê het hulle sou die bakkie weer terugbring en hom daarvoor vergoed en gevolglik dat hoewel hulle die bakkie gelaat het waar dit

later/...

later gevind is, hulle dit nie gedoen het in omstandighede wat die afleiding regverdig dat hulle glad nie omgegee het wat van die bakkie word nie. Met ander woorde, dat hulle dit eintlik daar in die veld abandoneer het. Daar is gesteun op getuienis van al drie beskuldigdes, naamlik dat hulle na die plek teruggekeer het waar hulle die bakkie van Montle geneem het om dit aan hom terug te besorg, hom nie daar gevind het nie en die bakkie toe gebruik het om mee weg te kom van die plek waar die misdaad gepleeg is. Die rede waarom hulle dit gedoen het, is omdat hulle besef het dat Montle nie daar gewag het nie; dat hy die polisie derhalwe in kennis sou gestel het en dat dit derhalwe raadsaam vir hulle was om weg te jaag.

Oor die vraag waarom hulle dan nie vir Montle by die skool besoek het waar hulle geweet het hy werk nie, was die antwoord dat hulle bang was dat hulle gevang sou word.

Die tersaaklike aspek in hierdie omstandighede is, na my mening, wat hulle gedoen het met hierdie bakkie nadat hulle dit gebruik het. Op die getuienis is daar geen getuienis wat die afleiding regverdig dat hulle dit inderdaad aan Montle terugbesorg het nie, óf op 'n direkte wyse, óf op 'n indirekte wyse en omdat 'n mens die opset van die drie beskuldigdes moet probeer benader, kan 'n mens dit alleen doen op die feite wat voor die Hof is.

In die eerste plek moet daarop gelet word dat Montle teen sy sin van sy bakkie vervreem is; dat hulle hom vasgemaak het. Die vraag ontstaan dan, as dit so is, waarom hulle dan nie die bakkie aan hom terugbesorg het nie of 'n poging aangewend het om daardie bakkie te plaas in 'n plek waar hulle weet Montle dit sou kry. Het hulle dit gelaat in die omgewing waar hulle dit geneem het, wat hulle baie maklik

kon gedoen het, sou dit moontlik die afleiding geregverdig het dat hulle inderdaad opgetree het soos wat hulle gesê het hulle wou. Het hulle dit nie gedoen nie, maar die bakkie gebruik om verder te ontsnap, ontstaan die vraag waarom het hulle dan daardie bakkie nie later na 'n plek gebring in die omgewing van Montle se skool nie, sodat hy dit weer daar kon kry of opspoor.

Die beskuldigdes se stelling dat hulle die wyk geneem het vir die polisie, word nie soseer en so sterk deur die getuienis wat hier voor die Hof gelê is, beaam of bevestig nie. Beskuldigdes het byvoorbeeld in hierdie land vertoef na die voorval. Beskuldigde nr. 1 het aangegaan met sy dade wat hy gepleeg het in die laeveld. Hulle het ook tyd gehad om die wapens op 'n ander plek te gaan begrawe.

Dit is alles faktore wat in ag geneem word wanneer daar gekyk word na die vraag, het die beskuldigdes inderdaad die opset gehad om hierdie bakkie terug te bring. Dit lyk nie so nie. Wanneer daar gekyk word na <u>BEWYSSTUK K</u>, kaart 8, sien ons dat punt D aangedui word as die plek waar die bakkie gevind is en dit is nie in dispuut geplaas nie. Soekmekaar word aangedui deur punt A op hierdie kaart. Ons sien dat punt B is die brug waar Montle van sy bakkie beroof is en dat B tot D in getuienis is aangedui as 27 kilometer. Die afleiding wat hierdie Hof maak is dat daardie bakkie roekeloos daar in die veld gelaat is of langs die pad gelaat is met die sleutels daarin vir enigeen om dit te neem en dat hulle onverskillig was oor wat van die bakkie gaan word. Inderdaad het hulle die bakkie abandoneer nadat hulle dit gebruik het om weg te kom van Soekmekaar. Enigeen wat daar verbygegaan het, kon die bakkie aan die gang gesit het met die sleutels en weggery het. Dit sou tog sekerlik nie moeilik gewees het

om die bakkie toe te sluit en die sleutels op een of ander wyse aan die eienaar terug te besorg nie?

Die afleiding, na die Hof se mening, is onvermydelik dat die beskuldigdes hierdie bakkie geroof het. Dit is met geweld van die eienaar geneem. Dit is duidelik dat daar inderdaad verswarende omstandighede is, gesien die feit dat 'n vuurwapen gebruik is.

BYGEVOLG WORD BESKULDIGDES NRS. 1, 2 EN 3 SKULDIG BEVIND AAN AANKLAG 25, NAAMLIK AAN ROOF MET VERSWARENDE OMSTANDIGHEDE, soos omskryf in artikel 1(xxvii)(b), Wet 51 van 1977.

Ek kom nou na die poging tot moord, twee klagtes, naamlik klagtes 23 en 24. Dit handel oor die aanval op die polisiestasie te Soekmekaar. In dié opsig gaan ek nou verwys na die getuienis van luitenant-kolonel Strydom wie se getuienis ek nog nie behandel het nie. Hy het getuienis afgelê en getuig dat hy hoof is van die veiligheidspolisie. As gevolg van inligting is hy op 4 Januarie, ongeveer 21h25 na Soekmekaar. Hy het hier verduidelik dat al die beskadigings wat hy gevind het asook 'n plek waar hy 'n handgranaatontploffingspunt bepaal het, in die omgewing van die klein hekkie by die polisiestasie was. Hy het getuig van al die koeëlpunte en beskadigings aan die gebou, onder andere dat daar buite die perseel langs die teerpad in die omgewing van punte S en T 23 doppies van 'n AK-47 geweer gevind is. Ek verwys nou na foto 37, BEWYSSTUK K, wat deur lt. kol. Strydom opgestel is. Hy het ook getuig dat hy 'n fotograaf opdrag gegee het om die beskadiging aan die polisiekantoorgebou te fotografeer. Hy is op 'n later stadium weer herroep in verband met hierdie beskadiging aan die gebou en het getuig dat hy die verskeie merke op die gebou wat veroorsaak is deur die afvuur van

koeëls/...

koeëls uit 'n geweer kon identifiseer. Hy het ook binne-in die gebou merke gevind deur 'n koeël veroorsaak. Hy het na die aantal ruite verwys wat beskadig is en die foto's 39 tot en met 58 aan die Hof verduidelik. Hy het gesê dat agter die gebou aan die suidekant was daar twaalf merke deur koeëls veroorsaak, nege ruite was gebreek, hoewel daar net twee koeëls binne-in die vertrek gevind is en het in dié opsig verwys na foto 55. Wat foto 52 betref, het hy gesê daardie ruit is gebreek ten gevolge van 'n handgranaatontploffing en dat dit aan die agterkant van die gebou is en dat dit die badkamervenster is wat daar beskadig is. Hy het verder verwys na die motorhuisdeure. Daar was vyf gate daarin te sien (foto 58) en hy het ook een gekry bokant die deur. Foto 38 verteenwoordig die westekant van die gebou. Daar het hy vier koeëlmerke gekry. Foto 57 toon daardie gedeelte van die gebou. Daar het hy twee merke gevind en het hy ook verwys na foto 63 waar daar een merk gevind is aan die kant van die selle. Hy het ook verwys na die skade wat aan die telefoonsentrale gerig is. Sy getuienis kan verder aangevul word deur te verwys na foto's 40, 41 en 42. Hierdie drie foto's is almal aan die voorkant, van voor geneem en toon die verskeie beskadigings aan die voorkant van die gebou.

In die gang was daar 'n beskadiging gewees soos getoon word op foto 48. Binnekant die enkelkwartiere wat geleë is tussen die aanklagtekantoor en die heel regterkantste gedeelte van die gebouekompleks soos gesien kan word op foto 60, was daar ook 'n koeëlmerk gevorm soos vertoon word op foto 49. Binne-in die polisiestasiegebou (foto 50) was daar ook koeëlmerke. Die beskadiging wat aangetoon word op foto's 52, 53 en 54 is aan die agterkant van die gebou. Op foto 53 word gewys hoe die skrapnel bo teen die dak skade veroorsaak het.

Foto/...

Foto 55 en 56 toon die skade aan die tiksters se kantoor aan die agterkant van die gebou. Aan die westekant is die ingang tot die enkelkwartiere ook beskadig soos getoon word op foto 57.

Kol. Strydom is teruggeroep in verband met 'n sekere koeëlmerk wat na bewering afgevuur is in die rigting waar Mashapa na die aanval in die aanklagtekantoor skuilding gesoek het en het daardie koeël die bokant van die deur volgens Mashapa, getref. Hier is nie 'n foto geneem om die beskadiging aan te toon nie. Kol. Strydom kon nie 'n verklaring hiervoor gee nie, behalwe deur te sê dat hy opdrag aan die fotograaf gegee het om al die beskadigings wat daar gesien kon word, te fotografeer. Kol. Strydom moes uit sy geheue praat. Hy kon nie onthou of daar 'n skoot of twee bokant die deur was nie, maar het getuig dat hy persoonlik 'n koeëlmerk gesien het aan die kant van die kosyn. Hy het kennis van koeëlmerke en het aan die Hof verduidelik dat hy daardie merk definitief kon onthou het.

Dit was die strekking van sy getuienis in die algemeen. Ek sal later na sy getuienis terugkeer.

Gedurende die argument, nadat die verdediging hulle saak gesluit het, is 'n plan van die polisiestasie voorberei wat as BEWYSSTUK AY(3) en BEWYSSTUK AY(4) aan die Hof voorgelê is tesame met sekere foto's. Dit was by ooreenstemming van die verdediging en die Staat voor my geplaas. Die plan en sleutel is BEWYSSTUK AY(5).

Die verdediging het in hooftrekke die getuienis van Mashapa en Mothibe aangeval met betrekking tot wat daar daardie dag gebeur het en veral klem daarop gelê dat die getuienis as geheel geneem, met inagneming van die weersprekings en onbevredigende getuienis van Mashapa, die afleiding nie geregverdig

is dat 'n handgranaat na Mashapa gegooi is, soos wat hy getuig het nie, en kan die beskuldigdes se relaas, wat vervat word in die getuienis van beskuldigde nr. 2, die enigste ooggetuie, redelik moontlik waar wees. Sy getuienis kom daarop neer dat hierdie handgranaat agter toe gegooi is deur een van die aanvallers, Lungile, terwyl Lungile na regs om die gebou gehardloop het op die stadium toe beskuldigde nr. 2 ontslae geraak het van sy handgranaat en hy ongeveer in lyn met die pilare van die aanklagtekantoor gestaan het in die omgewing van die nommerplaat van die voertuig wat getoon word op foto 62.

Die verdediging het in besonder aangevoer dat op die getuienis die beskuldigdes se relaas dat hierdie aanval uitgevoer is met die doel om die polisiekonstabels te treiter, of in die verleentheid te plaas en nie te dood nie, redelik moontlik waar kan wees. Daar is aangevoer dat die Hof moet bevind dat daar nie met enige mate van sekerheid gesê kan word dat 'n handgranaat na Mashapa gegooi is nie, en verder, dat indien die beskuldigdes die twee polisieamptenare wou dood, hulle dit redelik maklik kon doen; dat die geweervuur eintlik so gerig was dat hoewel skade aan die gebou gerig was, daar geen poging aangewend was om enigiemand van die polisie te beseer of te dood nie.

Die eerste aspek wat ek wil behandel is die kritiek met betrekking tot die getuienis van Mashapa, naamlik waar die handgranaat hom getref het, op sy maag of bors.

In sy hoofgetuienis het Mashapa, toe hy 'n verduideliking gegee het van wat daardie aand gebeur het, die volgende gesê, op 'n stadium nadat hy gesien het dat mense in die hekkie van die polisiestasie indraai. Die vraag is:

"Wat gebeur toe?"

"Die mense het daar ingekom, mekaar gevolg. Toe hulle net gelyk met die paal was, dit is die vlagpaal van die aanklagkantoor wat naby H staan ... (Mnr. Jansen kom tussenbei)"

"Regs van die hekkie?"

"Regs van die hekkie soos aangedui - ek weet nie watter een van hulle nie, maar een van hulle het iets na my toe gegooi wat op my geval het, soos ek aandui, teen die borskas. Toe die ding teen my bors te lande gekom het, het ek dit met my regterhand gegryp en dit teruggegooi na die persone toe. Ek het toe vinnig opgestaan. Toe ek in die aanklagkantoor gehaas het, het ek gehoor daar word geskiet."

Dan sê hy verder toe hy gevra is:

"U sê u het vinnig opgevlieg. So, ek neem aan u het toe omgedraai?"

"Dit is presies wat gebeur het. Ek het opgestaan, omgedraai en gehaas na die aanklagkantoor toe."

Oor hierdie aspek is Mashapa redelik lank kruisondervra. Hy is eers gevra oor die stelling dat hy sou gesê het dit was pikdonker buite. Sy antwoord daarop was:

"I did say it was dark outside. I did not qualify the dark. I just said it was dark. It depends now on what you do to attach to a qualification of darkness."

Dan word daar gesê:

"My Learned Friend asked you if it was 'pikdonker'. He used the expression and you chose that as a description of what it was outside."

As kritiek op Mashapa se getuienis neem dit, na my mening,

die/...

die saak nie verder nie, want inderdaad is daardie woorde deur die Aanklaer in die mond van die getuie gelê en het hy daarop so geantwoord. Op die meeste kan gesê word dat hy miskien dit moes gekwalifiseer het.

Hierna word die volgende aan Mashapa gestel:

> "And I want to put it to you, it, being pitch dark outside, would have been extremely difficult for you to see some object being thrown to you and catching it, as you suggest you did?"
>
> "But then it landed on my before I grabbed hold of it."
>
> "Landed on you? What were you doing when it landed on you?"
>
> "I was sitting there."
>
> "Were you not getting up?"
>
> "I was still seated there."
>
> "What, did it land in your lap? Is that what you are saying?"
>
> "As I now demonstrate to the Court, I was seated and this hit me on my stomach in fact and then I grabbed it while landing after hitting on my stomach."
>
> "What did you grab it with?"
>
> "With one hand."
>
> "And then? What did you do? Did you stand up or did you sit down or did you stay sitting or what did you do?"
>
> "I grabbed hold of this, threw it back into the same direction it came and then I turned to go into the charge-office. In the process of going into the charge-office, I was hit by something

on/...

on my back."

"So, are you now telling His Lordship the following: That it hit you in the stomach?"

"Yes".

"Not the chest?'

"No, stomach."

"Are you sure of that?"

"Yes."

"And then, did you throw it back immediately or did you first stand up to throw it?"

"I grabbed hold of it, got up and threw it back from the direction it came and then went into the charge-office."

"So, when you threw it back, you were standing up?"

"Yes."

"Are you sure of that?"

"I grabbed hold of it and got up and threw it back."

"So, when you threw it back, you were standing up. That is the point I want to make?"

"I was in die process of standing up."

"Well, just let me read to you what your evidence-in-chief says: 'Toe die ding teen my bors te lande gekom het, het ek dit met my regterhand gegryp en dit teruggegooi na die persone toe.' Is there anything wrong with that statement?"

"Yes, there is."

"What is wrong with it?"

"That I grabbed hold of it in the process of getting up, I then threw it back from where it came."

"What about: 'Toe die ding teen my bors te lande

gekom/...

gekom het'?"

"Well, I may have made mention of the chest, in the meantime I was indicating the stomach, as I now demonstrate to the Court."

Dan word daar verder verwys na 'n ander passasie wat ek ook wil uitlees, naamlik - dit is die passasie wat mnr. Browde op staatmaak, naamlik:

"Regs van die hekkie, soos aangedui. Ek weet nie watter een van hulle nie, maar een van hulle het iets na my toe gegooi wat op my geval het, soos ek aandui, teen my borskas."

Toe daardie getuienis op daardie stadium gegee is, was ek tevrede dat die getuie toe hy gesê het "soos ek aandui", sy twee hande bymekaar gesit het en dit gehou het. Of dit nou presies op sy maag was en of dit 'n entjie hoër was, dit is onmoontlik vir my om te sê. Met die demonstrasie toe hy kruisondervra is het die getuie weer sy hande gehou, soos hy dit gedoen het toe hy sy getuienis-in-hoof gegee het. Ek het die Tolk gevra om sy vinger te druk teen die getuie se lyf om nou presies te wys waar hierdie handgranaat sou geval het, soos wat die getuie gesê het hy in sy getuienis oorspronklik gedemonstreer het en op my vraag: "Press hard. Can you feel his ribs?" Interpreter: "Slightly the lower ribs." "It is just where the ribs start." Dit is presies waar Mashapa na verwys het. Enige persoon weet waar sy borskas end en of daardie gedeelte nou die heel onderste gedeelte is van sy borskas, of die boonste gedeelte is van sy maag, is moeilik om te bepaal. Dit kan beide wees.

Hierna volg die kruisondervraging:

"I just want to put it to you that you used the

word//...

word, your word, for 'borskas' yesterday and that is what the interpreter interpreted?"

"Well, I did indicate to the Court as to what part of my body it hit me and probably the interpreter himself did not take a proper look at my indication as to what part of the body I am touching."

Dan word daar 'n verdere vraag aan hom gestel:

"So, do you then suggest that when the interpreter goes on to say: 'Toe die ding teen my bors te lande gekom het', that he made that up too? That that is the interpreter's word and not yours?"

Die antwoord is:

"Well, I demonstrated to the Court on what part of my body this thing landed."

Dan word daar verduidelik dat die woord vir bors is "kgara" en in die Bantoetaal wat gebesig was hierso, is die woord vir maag "mpa" en word daar dan die volgende gevra:

"Do you admit that yesterday you used the word 'kgara' and today you used the word 'mpa'"?

"No, I did not use the word 'kgara' myself. I just said the thing hit me here as I now demonstrate."

"But you could not have done that. I am sorry, I do not want to waste any more time on this, because it goes on to say 'toe die ding teen my bors te lande gekom het'. You must have used the word 'kgara'?"

"I only indicated to the interpreter as to what

part/...

> part of my body was hit by this object and the interpreter interpreted what I indicated to the Court."

Dan is daar aan die getuie gesê dat daar gaan geargumenteer word aan die Hof dat hy die woord vir bors gebruik het en sy antwoord is dit:

> "But when I was asked to indicate the part of the body on which this object landed, which I did."

Daar word dan oorgegaan na 'n tweede aspek en dit is of die beskuldigde gesit het of gestaan het toe hy hierdie voorwerp teruggegooi het.

Oor hierdie eerste aspek is die Hof se benadering die volgende: Dit is heeltemal duidelik dat die getuie se getuienis-in-hoof dat hy gedemonstreer het waar die handgranaat sy lyf getref het, deur met sy hande dit aan te dui. Hy sê:

> "Een van hulle het iets na my toe gegooi wat op my geval het, soos ek aandui, teen die borskas."

Indien ek gevra word of "borskas" reg is en of hy sy "maag" aangedui het kan ek nie met enige mate van sekerheid sê of hy na die onderpunt van sy borskas of na die bopunt van sy maag gewys het nie. Dit kan albei wees. Die een persoon sal sê dit is my borskas en die ander sal sê dit is my maag. Wat ter sake is, is dat die getuie sê hy het verkies "maag" en dat dit wat hy verkies het, hy hier aangetoon het en dan wil ek net verder byvoeg dat dit baie maklik kan wees dat die Tolk, om uiting te gee aan dit wat hy sê, die woord "borskas" bygevoeg het, en sou ek die Tolk nie verkwalik nie.

Ek gaan nou oor na die tweede aspek waarin sy getuienis

gekritiseer/...

gekritiseer is, naamlik die volgende:

"You told His Lordship this morning that you threw that object back, whatever it was, while you were still sitting. Did you say that?"

"No. What I said is, when it landed on me I was still seated. I got up and then threw it back."

"I see. That is right, that is what you said this morning. I just want to read to you what you said yesterday: 'Toe die ding teen my bors te lande gekom het, het ek dit met my regterhand gegryp en dit teruggegooi na die persone toe.' Is that right?"

"No, not while I am still sitting. It only landed on me while I was seated. I got up and then threw it back to those people."

"You see, because the next sentence says, 'Ek het dit met my regterhand gegryp en dit teruggegooi na die persone toe. Ek het toe vinnig opgestaan.' What do you say about that? Did you say that yesterday?"

"No."

"You did not say that?"

"What I can tell you is, I was still seated when this landed on me. I grabbed hold of it, got up and threw it back and then turned to the direction of the charge-office."

"So is this then a wrong record?"

"That is not what I said."

Wanneer 'n mens kyk na wat die getuie Mashapa in die eerste instansie gesê het in-hoof, is dit duidelik dat

dit/...

dit interpreteer kan word, naamlik dat hy hierdie ding teruggegooi het terwyl hy gesit het en op die oog af lyk dit so, maar die vraag is tog, wat het hierdie getuie bedoel om te sê? Hy is nie gevra voordat hy die situasie aan die Hof verduidelik het om presies die gebeure in tydsverloop aan die Hof te verduidelik. Dit is tog die ondervinding dat 'n getuie dikwels los praat om direk aan die hoorder toe te bring dit wat hy wil sê en dat hy dan in daardie proses, wat tydsverloop betref, iets noem op die verkeerde plek.

Een ding is seker, Mashapa kon niks bereik het deur so sterk daarop te staan dat hy besig was om op te staan toe hy die handgranaat teruggegooi het. Daar moet nie uit die oog verloor word, by evaluering van Mashapa se getuienis, dat iemand wat miskien slegte waarnemingsvermoë het nie noodwendig 'n leuenaar is nie en sal ek later terugkeer tot hierdie aspek, wat, na my mening deurslaggewend is, naamlik: Indien die handgranaat nie gegooi is na Mashapa soos hy gesê het, dan vertel hy leuens aan die Hof. Daar is geen kans dat hy homself misgis nie en daardie aspek sal ek later behandel.

Die gevolg is dat hierdie kritiek, na die mening van die Hof, nie 'n gegronde kritiek is nie en indien Mashapa hieroor gekritiseer kan word, dit geen grond is om sy getuienis te verwerp nie, want, soos ek reeds gesê het, dit gaan nie hier oor waarneming nie, maar of hy 'n leuen vertel of nie.

'n Verdere kritiek wat geopper is met betrekking tot Mashapa se getuienis, is sy bewering dat toe hy in die aanklagtekantoor ingehardloop het, is daar nog twee skote gevuur teen die kosyn van die agterdeur waardeur hy wou

hardloop/...

hardloop en het hy gevolglik nie deur daardie deur gehardloop nie, maar onder die toonbank skuiling gesoek. Daar is sterk beklemtoon deur die verdediging dat dit onverstaanbaar is dat die polisie daardie tersaaklike merk wat daar was in die gebou, nie gefotografeer het nie en is daar ook gewag gemaak van die noukeurigheid waarmee die polisie-ondersoek in hierdie geval behartig is. Wat die noukeurigheid van die ondersoek betref, het ek nog nie 'n saak teëgekom waar die polisie soveel moeite gedoen het om by wyse van foto's en planne, die Hof in die prentjie te bring nie en moet al die lede van die Mag wat daarby bygedra het, gekomplimenteer word. Die foto's is nie alleen goed versorg nie, maar is in alle gevalle baie duidelik en mooi byeengebring.

Met daardie voor oë, is dit iets wat 'n mens tref dat hierdie merk nie gefotografeer is nie. Nou moet daar egter nie uit die oog verloor word nie dat kolonel Strydom aan 'n ondergeskikte gesê het, "Fotografeer al die beskadigings", en lyk dit vir my dat die nie-fotografering van hierdie beskadiging, nie noodwendig die afleiding regverdig dat daar geen beskadiging was nie. Trouens, die getuie, kolonel Strydom, het die Hof beïndruk en ek kan my nie indink dat hy homself sou leen tot leuens in hierdie geval nie en dit op 'n - op die oog af - onbenullige aspek.

Insiggewend bots sy getuienis met Mashapa se getuienis wat ek nie sou verwag het indien hy sy getuienis so sou ingekleur het om by Mashapa se getuienis in te pas nie. Dit bots in die opsig dat hy nie kon onthou dat daar twee merke bokant die kosyn van die deur was nie, maar dat hy seker was dat hy 'n merk gesien het aan die kant van die kosyn.

Wanneer 'n mens nou verwys na BEWYSSTUK K, foto 43,

wat/...

wat deur die kolonel uitgewys is, kan 'n mens sien dat die ruit beskadig is aan die linkerkant. Dit is die ruit waar daar drie koeëlmerke onder teen die pleister is en dat die kennisgewingbord aan die regterkant ook beskadig is links. Dit wil sê, die kennisgewingbord regs van die venster is beskadig aan die linkerkant by die skarnier en dit is ook 'n koeëlmerk. Daardie kennisgewingbord en daardie ruit is die ruit wat gesien kan word op foto 41, links. Weer sien 'n mens die drie koeëlmerke teen die pleister onder en gedeelte van daardie venster wat beskadig is, dit is die tweede ruit van onder, kan ook gesien word en indien mens goed kyk, kan jy ook die beskadiging aan die kennisgewingbord links by die skarnier sien.

Wanneer daardie venster nou identifiseer word en ook die deur waar die beskadiging, na bewering, was op <u>BEWYSSTUK AY(1)</u>, die plan, dan vind ons dat daardie venster is die een aan die linkerkant links en die koeëlmerk of die betrokke deur waar die beskadiging aangebring sou geword het, is gemerk X met 'n sirkel. Daardie beskadiging van die ruit wat deur 'n koeël getref is en die deur, wat na bewering ook beskadig is, is in lyn met mekaar. 'n Koeël het inderdaad by daardie venster in die gebou ingegaan. Daarvan kan niemand wegkom nie. Die ruit is gebreek en die kolonel het dit duidelik gestel dat iets het binne-in die gebou ingegaan, sodat daar sterk stawing is, indien dit nodig sou wees, vir die kolonel se getuienis, dat hy onthou dat daar 'n beskadiging was.

Hierdie Hof is derhalwe van mening dat hierdie nie 'n kritiek op Mashapa se getuienis is nie en wil die Hof weer beklemtoon dat indien daar geen getuienis was waarna

ek nou verwys het nie, soos die kolonel se getuienis en die feite vervat in BEWYSSTUK K en BEWYSSTUK AY(1), die vraag nogtans sal ontstaan, kan 'n mens Mashapa kritiseer omrede hy sê hier het 'n koeël bokant sy kop vasgeslaan wat nie so blyk te wees nie, terwyl dit seker is dat daar inderdaad koeëls in daardie gebou vasgeslaan het? Op die meeste is dit tog maar net dit wat hy sê wat hy ondervind het in die hitte van die moment, maar is dit sekerlik nie getuienis dat Mashapa 'n leuenaar is nie.

Hierdie kritiek, na my mening, gaan nie op nie.

'n Verdere punt wat sterk deur die verdediging benadruk is, is die weerspreking tussen Mashapa en Mothibe met betrekking tot die vraag, of daar eerste met 'n geweer gevuur is, of het die handgranaat eerste ontplof?

Die weerspreking is daar, maar ek dink dit moet benader word in die lig van wat Mothibe sê, naamlik toe hy gevra is oor wat daar gebeur het toe die eerste skote geval het, sê hy: "Die posisie is dat altwee van ons sy heel beste probeer het om weg te kom van daardie punt af." Dit illustreer tot 'n groot mate die angs wat hierdie persone beetgepak het en na my mening nie onnatuurlik nie en wanneer hulle mekaar derhalwe weerspreek, mag hulle miskien getuies wees op wie se waarnemingsvermoë daar nie staatgemaak kan word nie, maar dit is 'n groot sprong van daar af om te sê hulle getuienis moet verwerp word.

Wat hierdie twee getuies self betref, het beide by die Hof die indruk gewek dat hulle alleen weergee dit wat hulle ondervind het die aand. Soos ek reeds gesê het, die feit dat hulle weergawes van mekaar verskil is te wagte, gesien die traumatiese ondervinding wat hulle beleef het. Insiggewend is die feit dat Mothibe so

geskrik/...

geskrik het dat hy nie eers die eerste ontploffing gehoor het nie. Moontlik is dit as gevolg van die feit dat die eerste ontploffing en die geskietery mekaar so vinnig opgevolg het. Dit is insiggewend dat hulle van mekaar verskil. Dit sterk die gedagte dat hulle op die oog af nie die saak met mekaar bespreek het nie, wat hulle baie maklik kon gedoen het en sodoende die saak teen die beskuldigdes aangedik het, iets wat uit hulle getuienis geheel en al ontbreek.

Dit is insiggewend dat Mothibe sê dat hy nie gesien het dat die handgranaat gegooi is nie. Indien hy en Mashapa die saak met mekaar bespreek het of Mashapa die saak teen die beskuldigdes wou aangedik het, kon hy met gemak vir Mothibe oorreed het om te sê dat hy ook gesien het dat die handgranaat gegooi word. Na die Hof se mening, kan daar staatgemaak word op hierdie twee getuies.

Beskuldigde nr. 2 is die enigste ooggetuie aan verdedigingskant, wat kon getuig het oor wat die aand daar gebeur het. Oor die algemeen het hy nie as 'n indrukwekkende getuie beïndruk nie.

In die eerste plek het hy probeer verduidelik hoe hy die beserings aan die binnekant van sy voet gekry het. Dit is duidelik dat sy stelling, wanneer dit ondersoek word, nie logies inpas by die plek waar die handgranaat ontplof het nie. Sy stelling dat hy nou na regs gedraai het, sit die besering wat aan die binnekant van sy voet was of been was, met elke draai meer na regs, nog verder van die ontploffingspunt. Daar sal onthou word dat hy links om die gebou wou hardloop en toe hy in die omgewing van die nommerplaat van die motor wat op foto 62, <u>BEWYSSTUK K</u>, gevorder het, het hy skuins gedraai na regs sodat

**Collection Number: AD2021**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials 1958-1982**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.